## ONS GESKIEDENISLOSE TYD

Jacob Burckhardt, die wêreldberoemde Switserse historikus, het reeds aan die begin van ons eeu gesê: „Ons tyd gaan 'n toekoms tegemoet wat waarskynlik bloedweinig notisie van die verlede sal neem." Min het hy geweet dat hierdie voorspelling in die helfte van ons eeu reeds bewaarheid sou word.

Die mens van ons tyd hou hom weliswaar nog besig met geskiedenis, maar dan in 'n ander sin as die mens in die voorafgaande tydperke van die Westerse wêreld. Terwyl ons byna weekliks satelliete op pad na die maan dophou, word die verlede, hoe verder die mens van ons tyd in die verlede terugkyk, steeds kleinerwordende kringetjies van onbenullige voorvalle. Wat voorheen 'n groot verskeidenheid van menslike gebeurtenisse, interessante menslike bedrywighede, op verskillende kontinente was, het in ons tyd plek gemaak vir die gebeurtenisse van ganse kontinente. Wêreldgeskiedenis het in ons tyd kontinentale geskiedenis geword.

Hoe wyer ons blik geword het, hoe minder gebeurtenisse sien ons raak. As geskiedenis gestel word in die lig van die laaste waterstofontploffing met 'n kettingreaksie wat die hele aardbol omspan, het geskiedenis letterlik geskiedenisloosheid geword. En omdat geskiedenis in ons tyd reeds so geskryf word, is die geskiedskrywers reeds self besig om 'n einde aan alle geskiedenis te maak. Geskiedenis het in ons tyd menslike skuld geword en menslike skuld het geskiedenis geword — nie net die Duitsers of die Russe of die Sjinese of die Afrikaners word met skuldgeskiedenis belaai nie, maar die mensheid as geheel. Daarom eindig alles, eindig ook die wêreldgeskiedenis.

Al wat van geskiedenis in ons tyd oorgebly het, is voorspellings omtrent die toekoms. Slegs vir hierdie doel word nog 'n bietjie in die verlede teruggekyk om daarin patrone of wetmatighede te ontdek op grond waarvan toekomsvoorspellings gemaak kan word. Die kultuurfilosowe, die politici, die sosioloë en hul medewerkers het die eintlike geskiedskrywers van ons tyd geword.

Daar bestaan nog 'n tweede kategorie van geskiedskrywing in ons tyd wat 'n bietjie dieper in die verlede delf, en dit om daarin lesse vir die hede en die toekoms te soek. Hierdie geskiedskrywers stem blykbaar nie saam met Hegel, die Duitse filosoof, wat beweer het dat al wat die geskiedenis ons leer, is dat die mens niks uit die geskiedenis leer nie. Geskiedskrywing in ons tyd, in soverre dit nog deur historici geskryf word, het voorspellende en onderrigtende geskiedenis geword.

As ons die historici van die Antieke Tyd, van die Middeleeue en van die Moderne Tyd, d.w.s. vanaf die begin van die Westerse beskawing tot die einde van die negentiende eeu, raadpleeg, vind ons by hulle 'n ander

opvatting van wat geskiedenis is: Vir hulle handel dit in die geskiedenis om —

(a) Verhale van merkwaardige voorvalle en gebeurtenisse.
(b) Die aanprysing van die lofwaardige en dan veral van die eie gemeenskap.
(c) Die belangstelling wat die mens vir sy medemens openbaar.
(d) Die versameling en rangskikking van feitlike gebeure in die verlede wat op verskillende manier verband hou met mekaar.
(e) Die ontvouing van die raadsplan van magte buite hierdie wêreld, vir die Christen, van die God van die Bybel, in die wêreldverloop.

Die historici van die verlede het dus heeltemal 'n ander opvatting gehad van die geskiedenis van die mens as die historici van ons tyd, wat veral vanaf die Eerste Wêreldoorlog van geskiedenis 'n instrument gemaak het waardeur óf lesse gegee moet word, óf die toekoms voorspel moes word.

Die Kultuurfilosoof, politikus en sosioloog en hulle medewerkers is eintlik die mense wat die historici van ons tyd op 'n dwaalspoor gelei het.

Die tyd het voorwaar aangebreek dat die vertellers van merkwaardige verhale, die aanprysers van lofwaardige prestasies, die beskrywers van die ontvouing van 'n Raadsplan in die wêreldverloop, d.w.s. die *werklike* historici, die geskiedenisloosheid van ons tyd beëindig deur die kultuurfilosowe, die politici en die sosioloë in hul rol as historici die swye op te lê en die ware geskiedenis voort te sit. Immers, die kultuurfilosowe, politici en sosioloë van ons tyd sit opgeskep óf met hulle skuldige gewetes óf oppervlakkige wensdenkery óf frasetegnieke wat die ware geskiedenis probeer dood of belaglik maak. Ook voorspellende en onderrigtende geskiedenis word albei gekenmerk deur verbysterende veralgemenings.

Ons kan gerus weer begin met Huizinga se stelling dat geskiedenis die vorm is waarin 'n kultuur homself van die verlede rekenskap gee, LET WEL, nie van die hede of van die toekoms nie. Geskiedenis wat op hierdie manier geskryf word, sal deur elke geslag opnuut geskryf word en sal daarom altyd lewe uit eie inherente waarde en krag.

In ware geskiedenis gaan dit vir die mens om sy steeds verrassende doen en late; om sy lewende menswees in sy onberekenbaarheid; om sy min leer uit eie en uit ander se ervaring; om begaafde mense wat onverwags ontplooi of skielik van die toneel verdwyn; gaan dit om leiers wat onaangemeld te voorskyn kom of blywend op hulle laat wag; gaan dit om haat wat skielik opvlam terwyl die rede dit probeer wegpraat.

In die geskiedenis gaan dit altyd om die ware verhale van merkwaardige menslike gebeurtenisse.

My wens is dat die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* die ware geskiedenis in ons land in ere sal herstel; dan sal ons nie hoef te pleit en te sukkel om te verkry dat geskiedenis naas ons twee tale 'n verpligte vak op alle skole tot en met matriek word nie. Trouens, die leerlinge sal deur ware geskiedenis, net soos deur hul moedertaal, innerlik beweeg word op 'n wyse wat die onderwysowerhede nooit met rus sal laat tensy in daardie behoefte voorsien word nie.

Dr. P. Meyer.